

REFORMASIE 500 (Artikel 6)

'n WEERLIGSTRAAL VERANDER DIE GESKIEDENIS

Op reis terug deur die geskiedenis staan ons vir 'n oomblik stil in die jaar 1505. 'n Brilljante jong regstudent met die naam Martin Luther is op pad van Stotternheim na Erfurt.

'n Geweldige storm dreig en wanneer 'n weerligstraal die jong Luther byna raakslaan, roep hy uit: "Red my heilige Anna en ek sal 'n monnik word!" 'n Weerligstraal was immers 'n duidelike teken van die oordeel van God – dit het enige goeie Duitser geweet.

Wanneer Luther hom op 17 Julie 1505 by die Augustynse klooster in Erfurt aanmeld "om sy siel te red", is dit die begin van 'n verhaal wat die geskiedenis van die kerk onherroeplik verander het.

Martin Luther is op 10 November 1483 in Eisleben gebore. Sy pa, Hans, was 'n mynwerker in Mansfeld. Dit het veroorsaak dat Luther as deel van die werkersklas swaar grootgeword het. Armoede en harde werk was deel van sy bestaan.

In 1497 het sy pa hom na die Domschule in Magdeburg gestuur waar Luther vir die eerste keer met 'n volledige Bybel in aanraking gekom het. Hy het later verklaar dat hierdie gebeurtenis 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak het.

Luther het sy aanvanklike regstudie in April 1501 onder die naam Martinus Ludher van Mansfeld aan die Universiteit van Erfurt begin. Hy was 'n briljante student wat sy BA-graad in slegs twee jaar verwerf het.

Op 9 Maart 1509 het hy sy graad in Teologie ont-vang en slegs drie jaar later is 'n doktorsgraad in Teo-logie op 18 Oktober 1512 deur die Universiteit van Wit-tenberg aan hom toegeken.

Hierdie akademiese prestasie was merkwaardig veral omdat Luther dit te midde van 'n ernstige innerlike worsteling behaal het. In sy eie woorde: "Ek was vir 20 jaar 'n monnik en het myself geteister met gebede, vas, wake en koue tot so 'n mate dat ek amper van die koue gesterf het ...

Wat anders was dit as 'n soeke na die ware God?"

Hoe meer Luther egter na die ware God gesoek het, hoe minder kon hy Hom vind. Dit het Luther laat verklaar dat hy God nie liefhet nie, maar eerder haat. Min het hy geweet dat die God na wie hy gesoek het, slegs maar 'n karikatuur was van die ware God wat Hom in Jesus Christus aan die wêreld kom bekend maak het. Hierdie lig sou aanstons vir hom deurbreek!

Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:

Sáám gee ons om!

September 2017

"Ja-gesig" mense van genade

'n Sielkundige het op 'n keer negatiewe gedrag by mense bestudeer. Hy noem die negatiewe mense die "nee-gesig" mense. Hulle neem die lewe bitter ernstig op, gun hulself nie pret nie, waag nie om dinge wat risikos inhou aan te pak nie, hulle lewe word gekenmerk deur rigiede reëls en hulle is kronies ongelukkig oor iemand of iets.

Die heel belangrikste beskrywing van "nee-gesig" mense is dat hul nie ware Vryheid ken nie. Hulle is gevange geneem deur hulle beleving van hul omstandighede en sit agter die tralies van hulle kritiek teen almal en alles. Hulle het die lewe vervlak tot 'n genadelose bestaan van reëls en regulasies om te oorleef. Dit wys op hul gesigte!

Toe 'n persoon tydens 'n oorstroming oor 'n rivier moes gaan en 'n span noodwerkers gekom het om te help het die man wat in nood was verkies om hom gehelp te word deur een bepaalde werker. Toe hul veilig anderkant kom is aan hom gevra waarom hy verkies het dat die bepaalde persoon hom help. Sy antwoord was: hy het 'n "ja-gesig" gehad wat hom moed gegee het en laat veilig voel het. "Ja-gesig" mense laat mense aangetrokke en veilig voel. Hul gesigte nooi 'n mens binne, moedig ons aan en straal genade uit.

Jesus was verseker ook 'n "ja-gesig" persoon. Jesus was omring deur 'nee-gesig" mense nl die Skrifgeleerdes, Fariseërs (hulle was vroom van buite maar vol haat van binne) en ander kroniese negatiewes. Nooit het dit Jesus se lewe binnegedring of beïnvloed nie. Oor Jesus skryf Johannes (1:14) *Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.*

Wat het Jesus anders gemaak? Jesus se lewe het oorgeloopt van genade! Die

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

mense rondom Hom het ontvang "genade op genade" (vs 16). Sy genade het oorgespoel tot sy dissipels. Die dissipels om Hom se lewe het agv hiervan verander. Jesus se aanvaarding, liefde, meelewing en diensbaarheid het hulle lewe so verander dat teen die einde van die eerste eeu het hulle lewe genadeskokgolwe deur die wêreld gestuur.

Selvs buite-bibelse skrywers het oor hierdie verstommende liefde en christen genade-uitdelers geskryf.

Jesus het 'n nuwe genadetyd laat aanbreek sodat "nee-gesig" mense wat moeg en moedeloos is van al die pligte, laste, godsdienstreëls, fokus op wat reg en verkeerd is en skuldgevoelens, kan bevry word om "ja-gesig" mense te wees. Daarom *Joh 1:17 God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.*

Jesus het gekom om jou verslawende en neerdrukkende uiterlike godsdienste te vervang met 'n genadevolle verhouding met Hom wat vry maak en bly maak!

As die Seun jou vrymaak is jy waarlik vry en kan jy 'n lied in die hart hê en leef met 'n "ja-gesig"!

Mag jy in hierdie 40 dae van "vreugdevol vry" ook waarlik vreugdevol vry word deur Sy genade alleen.....deur Christus alleen.

Ds. Leon van Heerden

Liefde wat opwaarts gerig is, is aanbidding. Liefde wat uitwaarts gerig is, is omgee. Liefde wat afwaarts gerig is, is genade (Barnhouse).

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ◆ **2 September:** Karnaval
- ◆ **17 September:** 40 Dae Reeks afsluiting & Youthbash om 17:00
- ◆ **24 September:** Erfenisdag
- ◆ **29 September:** Skole sluit

Sien jou daar!

Operation Living Waters:

MOEKA VILLAGE in SOSHANGUVE – 2017

Help asseblief *Operation Living Waters* wat probeer om 900 gesinne te help met skoon drinkwater.

The beskikbare water in die omgewing is brak en nie geskik vir drink of kook nie.

U kan help deur:

Skoon plastiek bottels (5L tot 25L) te vul met skoon drinkwater en af te laat by 1256 Blondel straat, Queenswood.

Kontak persoon Ps Herman Bouwer at 0827396537 (kantoor ure)

Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Romeine 10:13

Die Woord van God beklee die ereplek as die mees gelese Boek van alle tye. Geen ander geniet die universele aansien wat die Bybel geniet nie. Die geloof wat daaruit groei, kan nooit deur iets wat die wêreld bied, oortref word nie.

Die lewende Christus bied deur die evangelie daarin aan jou die ewige lewe. Al wat van jou gevra word, is om met berou in jou hart na Jesus toe te draai, jou sonde te bely en Hom aan te neem as jou Verlosser.

Kyk rondom jou hoe Christus lewens verander het: "Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie" (Hand. 4:12).

U het mens geword; kom soek wat verlore is. Maak my oë oop sodat ek u hand rondom my aan die werk kan sien. Amen.

Ozrovech S. (2008) *Genade vir elke Oomblik*, Christian Art Gifts RSA, bl. 30 April

KARNAVAL - 2 SEPTEMBER

By HF Verwoerd Hoërskool Sportvelde

Verkope begin 8:00

Navrae: Herman 082 461 1152



BELASTING KONSULTANT



Het u rekenkundige of belasting probleme?

Verskaf ook ekstra rekeningkunde klasse
(Dosent vir 36 jaar)

Kontak vir Willie Spies by 012 331 2122
of 076 565 9413

ELEKTRIESE KONTRAKTEUR



GRATIS KWOTASIES

KONTAK DV

082 886 8551

www.electricianatpretoria.co.za



KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.

Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.

Kom maak jou musiek-droom waar!

Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

6

ONS 40 DAE REEKS HIERDIE JAAR SE TEMA:
VREUGDEVOL VRY



3 Sept: Deel 5

SOLA DEO GLORIA - net tot eer van God

1 Korintiërs 10:31

10 Sept: Deel 6

SOLA MISSIO DEI - Missie vir God

Psalm 27:8

17 Sept: Afsluiting



*Sometimes God calms the storm...
Sometimes He lets the storm rage and
calms His child.*

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

3

9 Augustus - Vrouedag

Hier is 'n paar statistieke vir interessantheid.



FAST FACTS



RATIO OF BOYS TO GIRLS



MARRIAGE

Both women and men are getting married later

Average age at first marriage:



1 in 7 girls in the developing world will marry before they are 15

Girls who stay in school for 7 or more years marry 4 years later and have 2 fewer children

FAMILIES




3 in 4 one-parent households are lone mothers with children





Annually, more than 350 000 women die from preventable complications related to pregnancy and birth – 99% in developing nations (UN Foundation)

EDUCATION & LITERACY



12 million girls in Sub-Saharan Africa may never get the chance to go to school



LEADERSHIP & POLITICS



Countries where women's share of seats in political bodies is greater than **30%** are more

inclusive, egalitarian, and democratic

CHRISTIAN PERSPECTIVE

2/3 of those serving in missions today are women

80% of singles on the field are women

"Men are good for building up the work, but women are best for persevering when men would get discouraged."
David Yonggi Cho

The task is too vast to be completed without **all** God's people!

Bron: <http://www.incontextinternational.org/infographics/>